Herald Sport

# Wie gaan Heilbron se kampioen wees?



Dit gaan vir sommige golfers môre 'n lang dag wees. Ses-en-dertig putjies is nie maklik om klaar te maak as jy onfiks en nie gewoond daaraan is nie. Die groot vraag is wie gaan 2018 se klubkampioen wees? By die loket is die wedsyfers op Jackie Leonard wat tans van 'n +2 voorgee afspeel, moenie vir Simon Malgas en James Nelson weggooi nie. Enige een van die twee kan op die dag se spel baie gevaarlik wees.

Die B-afdeling het die meeste inskrywings en hier is dit moeilik om 'n wenner te voorspel.

Ledegelde is betaalbaar voor spel en inskrywings is vanaf 07:00 vir afslaan 07:30.

Die volgorde van spel gaan volgens voorgee en afdelings geskied nl. C-, B-, A- en dan dames en seniors wat net 18 putjies speel.

Inskrywingsgeld vir die dag beloop R 200 wat middagete insluit. Braaipakke is ook te koop vir die wat nog verder wil kuier.

Hennie Pretorius het verlede naweek gewen met 38 punte, Kobus Weilbach was tweede met 32 punte. Van die Heilbronners het op Frankfort gaan speel in die MBFI gholfdag. Eben Stander het die beste van die Heilbronners gevaar met 'n derde plek.

OK Grocer borg die einde van die maand en beloof dit 'n uitstekende dag te wees.

# Young fighters academy fail to maintain its festive season form

Former Manager of Young Fighters FC, Coach Robinho Mokoena, went to the social media fuming this past week stressing out his dissatisfaction about the current form of the clever boys - a team he has spent most of his time with before moving to the Sasolburg based SAB League team, Brilliance United. The Clever Boys have only won seven in all their matches so far this season.

Although Young Fighters have improved under the mentorship of their new coach, they have failed to maintain consistency in recent games.

The Clever Boys lost 1-0 in a mouth-watering encounter against Black Swallows on Sunday whereas, on the other hand, the much-anticipated fixture between the mighty Phiritona Stars and Papi United ended 7-0 in favour of Phiritona Stars.

Here are two games to look forward to in Week 14 of HSL Premier Division season before the Soweto Derby this weekend.

• 09:00 Papi United vs Abagerezi (Sat, 03/03/2018 Greenfield)

• 11:00 Phiritona Stars vs Young Fighters (Sat, 03/03/2018 Greenfield)



## HSL PREMIER DIVISION 2017/2018 LATEST LOG STANDING

| POS | | P | W | D | L | F | A | +- | PTS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Phiritona Stars | 13 | 12 | 1 | 0 | 68 | 6 | 62 | 37 |
| 2 | Abagerezi | 13 | 10 | 2 | 1 | 54 | 7 | 47 | 32 |
| 3 | Papi United | 13 | 10 | 0 | 3 | 28 | 18 | 10 | 30 |
| 4 | Young Fighters | 13 | 7 | 3 | 3 | 43 | 10 | 33 | 24 |
| 5 | Black Swallows | 12 | 7 | 2 | 3 | 23 | 11 | 12 | 23 |
| 6 | Golden Stars | 13 | 6 | 4 | 3 | 20 | 9 | 11 | 22 |
| 7 | Telwiedre | 12 | 6 | 2 | 4 | 22 | 14 | 8 | 20 |
| 8 | Asijiki | 13 | 5 | 1 | 7 | 28 | 18 | 10 | 16 |
| 9 | Barcelona | 13 | 4 | 4 | 5 | 21 | 16 | 5 | 16 |
| 10 | Moscow | 13 | 4 | 2 | 7 | 22 | 30 | -8 | 14 |
| 11 | Aha Real Masters | 14 | 4 | 1 | 9 | 11 | 40 | -29 | 13 |
| 12 | Junior Rabbits | 13 | 4 | 1 | 8 | 20 | 61 | -41 | 13 |
| 13 | CJB United | 12 | 3 | 1 | 8 | 20 | 48 | -28 | 10 |
| 14 | Question Mark | 13 | 2 | 3 | 8 | 5 | 34 | -29 | 9 |
| 15 | Mighty Controllers | 13 | 2 | 2 | 9 | 10 | 42 | -32 | 8 |
| 16 | Festival United | 13 | 2 | 1 | 10 | 19 | 50 | -31 | 7 |

## NOTICE

To all Phiritona and Sandersville parents please make sure that you attend the SGB election of your school. See dates below:

| School Name | Electoral officer | Date 1 |
|---|---|---|
| Dipkraal | Mr Mokoena E.M | 06/03/2018 |
| Sandersville | Mr Kolokoto D.P.T | 07/03/2018 |
| Phirihadi P/S | Mr Moske N.A.G | 08/03/2018 |
| Kearabetswe P/S | Mr Mokoena W.T | 12/03/2018 |
| Phiritona | Mr Mokoena K.L | 13/03/2018 |
| Sediba Thuto | Mr Nasia N.S | 13/03/2018 |
| Boitumelong P/S | Mr Ruiters R.D | 14/03/2018 |
| Heilbron Combined | Mr Mojaki T.D | 14/03 & 15/03/2018 |
| Phitshana P/S | Mr Matekane | 14/03/2018 |
| Bhekilanga | Mr Smith | 15/03/2018 |

As signed by electoral co-ordinator:
W.T Mokoena (Phitshana Principal)

# Rolbalspelers speel met groot entoesiasme

Daar het die afgelope twee weke baie goeie dinge by die Rolbalklub gebeur. Madeleine en Flip Fourie het hulself ten doel gestel om die beginners te help met die wonderlike spel van rolbal. Hulle help die beginners Maandae en Woensdae middae van 15:00 tot 17:00.

Die volgende spelers is reeds besig om met groot entoesiasme te speel: Terry en Antionette Cunningham, Gustav en Adelle Booysen, Suzie van der Westhuizen, Carina Kleynhans en Elsabé Bothma. Alle belangstellendes is welkom. Kom na die baan op 'n Maandag- of Woensdag middag.

Lede van die Rolbalklub sal julle graag daar ontvang. Verlede week is Gerald Rademeyer, voorsitter van Heilbron Rolbalklub in die hospitaal te Vereeniging opgeneem. Hy het 'n hartomlyning ondergaan. Dit gaan beter en glo hy sal gou weer tuis wees. Ons bid hom sterkte toe vir 'n spoedige herstel. Heilbron Rolbalklub het hul borgdag gehad op 24 Februarie. Dit was 'n groot sukses en spanne vanaf Kroonstad, Koppies, Petrus Steyn, Vredefort, Reitz en Heilbron het deelgeneem. Die baan was goed voorberei en goeie rolbal is gespeel. Die Kroonstad spanne het die eerste en tweede plek verower, waar derdeplek deur Reitz verower is. Spelers het die naweek van 17 en 18 Februarie deelgeneem aan Valsriver Pare Kampioenskappe, Jan Grobler, Koos Bierman en Magda Bierman en Amelia Galatis. Die dames het deurgedring en die Valsriver spanne speel op Kroonstad teen Riemland en Goudveld die 17de en 18de Maart. Baie sterkte aan al Valsrivier spelers.

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 5 MAART 2018
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 6 MAART 2018
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Oosthuyzen 083 309 2341

WOENSDAG - 7 MAART 2018
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
HEILBRON : WEILAND BRANGUS
303 Geregistreerde beeste & 30 kommersiële beeste
11:00, Landsberg, Heilbron
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

DONDERDAG - 8 MAART 2018
FRANKFORT Weeklikse veiling.
Kontak Gert Burger 082 822 1952
KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 9 MAART 2018
STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Janneman van der Merwe 076 383 3838

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026171/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za